UITGAWE 17 | JAARGANG 22 | 25 OKTOBER 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


**03 VRYPOS-FOKUS**

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Spiritualiteit Netwerk** | *Ontmoeting met Heiliges - Wat het hulle beliggaam?*

**05 ARTIKELS**

05 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Sendingkonferensie: 'n Venster op God se wêreld** | *Is Afrika nog die donker kontinent?*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Getuienisaksies** | *ISLAM: Moslems se aanspraak dat die Bybel gekorrupteer is*

07 | AFRIKA-EKUMENE
**CBS** | *Contextual Bible Study opens spaces for dialogue*

08 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding** | *Kopanong: 'n Verhaal van vernuwing en groei*

09 | ALGEMEEN
**Boekbekendstelling** | *'Die Verlore Skapie' by Geloofsentrum Universitas*

**11 VERBI DIVINI MINISTER**

EREDIENS NETWERK
**Martin Laubscher** | *Alert: No spoilers?*

**12 CLARENS HERMITAGE**

LEIERSKAP NETWERK | ***Bespreek vandag!***

**14 DIS 'N RING-DING**

RING VAN BLOEMHEUWEL | *Better Together*

**15 UIT DIE FAKULTEIT**

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Lyzette Hoffman** | *Hoop, vergifnis en profetiese getuienis in reaksie op armoede*

**16 EKOLOGIE**

**2024 Konvensie oor Biologiese Diversiteit** | 21 Oktober - 1 November

**17 MEDIATEEK**

BOEK EN INVENTARIS
**Carel Anthonissen** | *Stil-weg, gedagtes oor stilte en vertroue*

**18 VERJAARSDAE**

**19 AKTUEEL ALGEMEEN**

19 | **Kerkwees 200** - *Konferensieprogram*
22 | Kougom 2025
23 | Advertensies

**25 OPLEIDING**

**27 NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**28 WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**29 'N LAASTE GEDAGTE**

**Stephan Swart** | *Tyd*

**30 KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans Wilmi Wheeler | Martin Laubscher Lyzette Hoffman | Stephan Swart OFM | *Kerkbode* | *CLF* | TOIBO *VrydagNuus*, Kaapkerk | *Bybel-Media* | *Bybelgenootskap*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

***Blêr - Die Verlore Skapie***
*Boekbekendstelling- & pretdag*
16 November | 10:00 - 12:00
**Geloofsentrum Universitas**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 8 November**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za







# Wat het hulle beliggaam?

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Die afgelope tyd is daar wêreldwyd, veral in Protestantse geloofsgemeenskappe, 'n toenemende belangstelling in die sogenaamde 'heiliges' van die vroeë kerk en Middeleeue. Hierdie heiliges was individue wat 'n diep persoonlike en direkte ervaring van God gesoek en daarmee in teologiese gesprek gegaan het."*

***Dr Lisel Joubert***
***Aanbieder: Ontmoeting met Heiliges-reeks***

Ons het meer oor dié heiliges gaan uitvind by dr Joubert, verbonde aan die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Sy verduidelik: "Deur die eeue het gelowiges in verskeie kontekste op verskillende maniere God beleef en tradisies gevorm wat hierdie belewing beliggaam het. Soms was daar persone wat Godservarings gehad het wat later as mistieke ervarings geklassifiseer is, en soms was dit persone wat strukture daargestel het wat tradisies van spiritualiteit gevorm het.

"Sommige van hierdie persone is in die Rooms-Katolieke of Ortodokse Kerk as 'heiliges' benoem. Baie van dié persone het dan ook geskrewe werke nagelaat, of daar is werke oor hulle geskryf wat vandag nog as klassieke tekste dien.

"Om verskeie redes is die persoonlikhede nie altyd so goed in die Protestantse geledere bekend nie, maar deur meer oor hulle te wete te kom (deur hulle te 'ontmoet'), erken ons die skatkis van die verlede wat ons eie geloofsverstaan kan verryk en verruim.

**Lees meer »**

*2 VBO-PUNTE*
*vir predikante se bywoning*

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# "O DIE PYNGEDAGTE"

Die **hantering van die verlies** van 'n kind(ers) deur afsterwe of emigrasie



**SPREKERS**

*Egpaar, Hennie Louw (sielkundige) en sy vrou, dr Engela Louw (mediese dokter)*

*Hulle is self daardeur ...*

Woensdag **09:30 - 11:30**

**Engosaal**, Westerbloem

**13DE**
NOV

*Skakel hier aanlyn in*
**tinyurl.com/4k6yahbr**

**WhatsApp "JA"** na **082 783 0730**
om te **RSVP voor 8 NOV**

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

# Sendingkonferensie
## 'n Venster op God se wêreld

## *Is Afrika nog die donker kontinent?*

**Afrika-Ekumene**
*Deur Mariëtte Odendaal*



**Foto:** *Dr Nico Mostert, uitvoerende amptenaar van Vennote in Getuienis, NG Kerk Vrystaat (verskaf).*

"Op hierdie stadium het ons ook 'n sterk opkoms van nasionalisme wat veral vanaf Amerika na Afrika oorspoel onder 'n Christelike dekmantel van die belofte van persoonlike gesondheid, welvaart en geluk. Hierdie fokus van 'misleading theologies' lei na 'n ingekeerdheid en die verwronge geloof dat dít tekens is dat God jou seën. Ons moet verstaan waarmee ons besig is en waar ons begronding lê. Hierdie soort fundamentalistiese teologie lei tot wanpraktyke wat ons al hoe meer in Afrika sien uitspeel."

***Dr Nico Mostert***
***Uitvoerende amptenaar: Vennote in Getuienis***

"Die afgelope tyd is daar baie oor missionale kerkwees en missionale gemeentes gepraat. As gevolg van baie gesprekke het ons besluit om die lig so 'n bietjie op die praktyk van ons getuienistaak in die wêreld te laat val," vertel dr Nico Mostert, uitvoerende amptenaar van Vennote in Getuienis van die NG Kerk Vrystaat.

"'n Rukkie gelede is daar 'n baie geseënde Sendingkonferensie by die NG Kerk Pellissier in Bloemfontein aangebied. Die tema van die konferensie was *'n Venster op God se Wêreld*. Drie sprekers is genooi om vir ons die venster op hierdie onderwerp te kom help oopmaak; mense met jarelange ondervinding in die praktyk van getuienis in God se wêreld.

**Lees meer** »

**Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## Moslems se aanspraak dat die Bybel gekorrupteer is

’n Sentrale struikelblok in die gesprek tussen Christene en Moslems is dat Moslems sê dat Christene en Jode die Bybel vervals het en dat dit daarom nie betroubaar is nie. Aangesien dit ’n groot struikelblok in die gesprek tussen Christene en Moslems is, spreek dit vanself dat dit nie ’n saak is wat bevredigend bespreek kan word in die bestek van een of twee kort artikels nie. Die doel van hierdie artikels is ook nie om al die argumente oor verskille tussen Christene en Moslems uit te put nie, maar eerder om informatief vir die gemiddelde lidmaat te wees.

Enige persoon wat al met Moslems in gesprek getree het met die doel om die Evangelie met hulle te deel, sal kan getuig dat baie Moslems selfs tekste uit die Bybel kan aanhaal, maar dat die sogenaamde onbetroubaarheid van die Bybel bykans altyd deur hulle op die tafel geplaas word – of die gang van die gesprek dit nou toelaat of nie. Wat ook opvallend is, is dat die oorgrote meerderheid van hulle nie kan verduidelik wat hulle daarmee bedoel nie.

Dit is duidelik iets wat hulle met moedersmelk ingekry het en wat hulle glo, sonder om dit te bevraagteken of te motiveer.

Ek het in voorbereiding vir hierdie artikel aan die *Islamic Propagation Centre International* in Durban geskryf en vir so ’n sistematiese beswaar teen die suiwerheid van die Bybel gevra, maar hulle het in gebreke gebly om dit aan my te voorsien.

Mohammad noem in die Koran die Torah en Evangelie by die naam (Sura 3:3, 5:68, 53:36); die Psalms (Sura 4:163, 17:55, 21:105); en op 'n algemene wyse, die "boeke van die profete" (Sura 2:136, 285, 3:84, 4:136) en die "Skrifte van Moses" (Sura 53:36). In die Koran word daar gereeld na Christene en Jode verwys as "die mense van die boek".

**Lees meer »**

*Hierdie **reeks Islam-artikels** het ’n eiesoortige aanslag. Dit kom uit ’n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by ’n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus.*
*Hier is nog ’n artikel in die reeks oor Apologetiese gesprekke met Islam. Hierdie een gaan spesifiek oor Islam se aanspraak dat die Bybel gekorrupteer is.*

# Contextual Bible Study (CBS) opens spaces for dialogue

*With acknowledgement to*
**VrydagNuus, Kaapkerk**

On Monday, 30 September, the CBS project manager, reverend Stephen Pedro, facilitated an ecumenical Contextual Bible Study (CBS) workshop at Stillebosch Retreat Farm.

This workshop was an initiative of the Task Team for Congregational Witness and was predominantly attended by ministers from the United Congregation Church (UCCSA), the Calvinist Protestant Church (CPC) and the Uniting Reformed Church of South Africa (URCSA). During this workshop, the facilitator navigated the participants through the process of utilising the CBS method and its benefits for congregations.

It was refreshing to hear from the attendees how this method benefits their entire congregations. Most of them echoed the sentiment that CBS opens spaces for congregants to have deep and meaningful dialogues around the Bible.

Not only does CBS enable conversation amongst people, but during the workshop it was also established that this method of Bible reading brings about a tangible connection between the faith community and society at large. This connection between faith communities and societies indicates the relevance of the ancient Bible text for our context today.

**Read more »**

***Photo*** *provided*



# Kopanong

## 'n Verhaal van vernuwing en groei

**Teologiese Opleiding**
*Deur Ethan Kleynhans*

Kopanong, voorheen bekend as Kovsiekerk, het diep verbintenisse met huidige en voormalige studente, asook met die breër gemeenskap van die Vrystaat. Die Kovsie-gemeente het oor baie dekades 'n waardevolle rol gespeel binne die studentegemeenskap sedert die kerkgebou in 1984 opgerig is. Dit was 'n plek waar studente van vreemdelinge tot kennisse en later vriende kon groei. Ds De Vries sê: "Die Sotho-woord waaruit Kopanong haar naam kry, wat beteken 'plek en aksie van bymekaarkom', beskryf die bediening goed. Dit het 'n ruimte geskep waar studente kon saamkom om aktief ons Here te aanbid."

Die gemeente het oor die jare baie vorms aangeneem. Wat kan ons leer uit die veranderinge wat die gemeente deurgemaak het? Die studentegemeente se ontwikkelings-jare het begin as 'n wyk van die Bloemfontein-Wes-gemeente en het later verder ontwikkel as deel van die NG Gemeente Universitas, nou Geloofsentrum. In die vroeë 1980's het dit uiteindelik 'n onafhanklike gemeente geword en 'n standvastige plek vir studente geskep om eer aan die Here te bring op kampus. Oor verskeie geslagte heen het die gemeente 'n groot rol gespeel in die geloofsreis van jongmense op kampus. Deur eredienste, geleenthede vir studente om op kerkrade te dien, en uitreike wat op die opbou van die gemeenskap gemik was, is alles tot eer van die Here gedoen.

***Foto's** verskaf*





**Lees meer** »




## Boekbekendstelling van
# 'Die Verlore Skapie'
### by Geloofsentrum Universitas

**Algemeen**
*Oorgeneem by OFM, 11 Oktober*

Op Saterdag, **16 November**, nooi die NG Kerk Vrystaat, in samewerking met Jonk Netwerk en Schink, almal uit om deel te wees van 'n spesiale boekbekendstelling- en pretdag by Geloofsentrum Universitas.

***Hierdie gebeurtenis vind plaas vanaf 10:00 tot 12:00 en beloof om 'n wonderlike ervaring te wees vir kinders en ouers.***

### 'n Opwindende projek

Die projek het in 2023 begin as deel van die NG Kerk Vrystaat se tweeweeklikse nuusbrief, bekend as *VRYPOS*. Die boek, *Die Verlore Skapie*, bevat twaalf stories wat saamgebind is in 'n bundel, uitgegee deur CLF. Martin Schwella, die skrywer en illustreerder, het genoem dat dit een van sy gunsteling boeke is wat hy al geskryf het. Hy beweer dat elke karakter 'n besondere rol speel in *Die Verlore Skapie* en dat kinders sal leer van Jesus, die kerk en hoe belangrik 'n gemeenskap is.

### Ontmoet vir Leon, *Die Verlore Skapie*

Kinders kan uitsien na 'n spesiale ontmoeting met Leon, *Die Verlore Skapie*, wat in Bloemfontein kom wei. Hy is opgewonde om sy storie met die kinders te deel en saam met hulle te dans en sing. Die oggendprogram begin met 'n gebedsopening, gevolg deur 'n boekvoorlesing deur Martin.

Ná die voorlesing is daar 'n prettige dans- en sangsessie, waar kinders 'n splinternuwe lofsangliedjie kan leer saam met die Blêrs van CHAD, *Chantelle Hewitt Academy of Dance*. Daar is ook lekker pryse te wen en 'n kosstalletjie met lekkernye, teen eie koste, sal beskikbaar wees.

### Kaartjie-inligting

Kaartjies is aanlyn beskikbaar by ***Quicket*** teen R50 per volwassene en R120 per kind. Elke kind ontvang 'n gratis gesigverf deur Towerbos-gesigverf, sowel as 'n 500 ml spookasem-houer.

Die Afrikaanse boek is te koop teen R200 per boek en sal binnekort aanlyn by **clf.co.za** en landswyd in alle CLF-boekwinkels beskikbaar wees. Benewens die boeke, sal daar ook *sublimation*-hempies van Leon, Tjoppie en Molly teen R300 per hempie beskikbaar wees (met 'n vooraf aanlyn verkoopprys van R330). Yskasmagnete, in pakkies van vier, sal teen R50 te koop wees.

### Kom geniet die pret!

Bring die kleinspan en kom geniet 'n heerlike oggend saam met Leon en luister na die verhale van sy avonture in Blêrfontein. Kom ontdek en deel in die storie van *Die Verlore Skapie*.

CHAD | NG Kerk | SCHINK | JONK



**Foto:** *Carlie Niehaus, Kommunikasie- en bemarkingsbeampte van NG Kerk Vrystaat, Pulane Nel-Sekepe, OFM-aanbieder en Martin Schwella, die skrywer en illustreerder van Schink. Tydens 'n At Lunch-opname (verskaf).*



**Foto:** *Leon, Die Verlore Skapie, wei in Bloemfontein (verskaf).*

**Luister hier »**

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA

Geloofsentrum CENTRE OF FAITH

WORSHIP AANBIDDING | HEALING HELING | GROWTH GROEI | SERVING DIENS

**16 November | 10:00 - 12:00**

## *Bespreek jou kaartjie*

Quicket EXPERIENCE AWESOME

**https://qkt.io/awxstK**



# Boekbekendstelling & pretdag

**R120 per kind | R50 per volwassene**

Kom en skud jou wolle rond en dans saam met Leon, die verlore skapie en Blêrs

**Navrae: 051 406 6700 | carlie@ngkvs.co.za | cmclean@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat SCHINK JONK CLF



# ALERT: NO SPOILERS?

*Deur **dr Martin Laubscher**, Erediens Netwerk*

In verlede jaar se *Beecher Lectures* vertel Alexander Deeg van 'n prediker wat ná jare in die bediening meteens die gewoonte begin ontwikkel het om bloot ná min of meer sewe minute in die preek skielik te stop en oor te gaan na die volgende liturgiese handeling in die erediens. Aanvanklik het die mense gedink dit is 'n fout, hy word oud, en is besig om dit te verloor, maar vreemd genoeg het die impak van sy prediking (en die res van sy bediening) merkbaar begin toeneem. Meteens was die gesprekke ná die tyd by die teekan heeltemal anders. So ook Sondagmiddag se "gebraaide dominee" aan die etenstafel. Heelweek sou mense wonder oor hoe die preek dan nou verder moes verloop het. Gaandeweg het mense met al groter waardering die preke begin vul deur die sin daarvan verder vir hulself te ontsluit. Waar die predikant en gemeente vantevore so doodseker was, alles klaar uitgewerk en afgelewer – punt; *period* – was dit nou meteens oop en onderweg na iets veel groter as voorheen. Meteens breek die "hiernamaals" in die erediens aan, verander die *toe*-koms in God se in-koms (Advent heeljaar!), en is die gemeente weer in beweging uit die graf, onderweg na die groot Fees.

In sy onlangse boek, *Sinsoekers: Tussen Twyfel en Troos* (UJ Press, 2023), skryf Johan Cilliers weer aangrypend oor hoe bevrydend dit kan wees om met 'n gesonde onsekerheid te leef en te preek. In plaas van sekuriteitswagte wat ten alle koste 'n bepaalde ysterteologie beswaard bewaak vanaf die kansel as wagtoring, is ons eerder geroep om peuters van 'n spelende God te wees wat voortdurend die stukke rondom ons bly optel en herrangskik in ons soeke na sin.

**Lees meer** »



***Foto:*** *Dr Martin Laubscher (verskaf)*

# CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

**24 - 28** **NOVEMBER**



**BESPREEK NOU**
JOU ERVARING

BEDIENINGSBEGELEIDING

VISIONERING

# Vroue Toerustingskamp

**FEBRUARIE 2025**

# WEES
## stil & weet

*Psalms 46:11*

## Amanzi
***Private Game Reserve***
**21 - 23 Februarie 2025**

## Aanbieder
***Prof Stephan Joubert***

## Besprekings
***Marietjie van der Merwe***
**076 113 9601**
**vrouelidmate@gmail.com**

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

# RING VAN BLOEMHEUWEL

## *Better Together*

Deur **Mariëtte Odendaal**




### R*inge in samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***

> *"Tydens so 'n kamp kry die kinders die geleentheid om deur verskeie leraars, elk met hulle unieke gawes, in hul verhouding met die Here onderrig en geestelik begelei te word."*
>
> **Ds Ettienne Engelbrecht**
>
> *Leraar: NG Gemeente Heuwelsig*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elk van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die voorwaarde was dat die projekte in samewerking met 'n sinodale bediening onderneem moes word.

In die geval van die Ring van Bloemheuwel het hulle by die sinodale bediening vir Bedieningsbegeleiding ingeskakel. Ons het meer gaan uitvind by ds Ettienne Engelbrecht oor hoe die ring hierdie fonds aangewend het.

**Ettienne, julle projek het veral op die belydenis-katkisante gefokus. Vertel meer.**

"Tydens die naweek van 20 tot 22 Oktober 2023 het 154 belydenis-katkisante en leiers van twaalf gemeentes die belydeniskamp by Pro-Regno in Barkly-Wes bygewoon. "Ek is die skakelpersoon tussen die Ring van Bloemheuwel en hierdie inisiatief, bekend as *Better Together*, wat in 2019 deur die Ring van Bloemheuwel begin is. "Dit het sedertdien aansienlik gegroei en word nou deur verskeie gemeentes, selfs buite Bloemfontein, ondersteun.

"Verskeie predikante het oor verskillende aspekte van die tema #EKGLO gepraat. Die aanbieding is in vier sessies verdeel waartydens die vier vrae waarop die katkisante tydens hulle belydenisaflegging moet antwoord, bespreek is.

**Lees meer** »

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Hoop, vergifnis en profetiese getuienis in reaksie op armoede

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Dr Lyzette Hoffman**
*Uitvoerende redakteur: Acta Theologica, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

"Ons dade moet dít uitdruk waarvoor ons hoop," het aartsbiskop Thabo Makgoba die gehoor mee aangespoor tydens die Tutu-Jonker Gedenklesing by die Fakulteit Teologie en Religie op 23 Oktober 2024. Aartsbiskop Makgoba het verskeie ere-doktorsgrade, onder andere van die Universiteit van die Vrystaat.

Die tema van hierdie jaar se gedenklesing is "Hoop, vergifnis, en profetiese getuienis in reaksie op armoede". Hoop lê nie in die eerste plek in historiese gebeure nie, maar in die beweging van die Gees van God en die Opgestane Heer. In Suid-Afrika kan ons hoop vind deur tekens van goeie dinge wat gebeur, raak te sien. Hoop is die dryfkrag om probleme by die naam te noem, oplossings te identifiseer en mense tot aksie te mobiliseer.

Dr Eugene Fortein, Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie aan die UV, het in sy repliek op aartsbiskop Makgoba gesê dat dit moeilik is om hoopvol te bly in die *townships*. Calvyn het gesê dat as jy God se kinders wond, jy Hom eintlik wond. Die Belydenis van Belhar wil die Here se kinders juis daaraan herinner dat die Here op 'n spesiale manier teenwoordig is by mense in nood. Uiteindelik lê ons hoop in Jesus – die Gewonde. Paulus getuig in 2 Korintiërs 4:7-9 "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneer-gedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie."

Hoop kan 'n heel praktiese gestalte kry soos om kwaliteit water te voorsien aan mense in nood. Die *Amsterdam Centre for Religion and Sustainable Development* het betrokke geraak by die voorsiening van kwaliteit water in Amsterdam, Kaapstad en Jakarta. Die sentrum is verbind tot 'n waterprojek in die Wes-Kaap vanaf 2021–2030. Prof Jan Jorrit Hasselaar van die Vrije Universiteit (VU), Amsterdam, is direkteur en stigter van die sentrum in Amsterdam en het hul projekte van hoop tydens die lesing gedeel. In 2024 het die sentrum by 'n nasionale veldtog van hoop in Nederland betrokke geraak, waar die jeug ook soms sonder hoop voel. Verder het hulle hierdie jaar 'n konferensie met die tema "Redes vir Hoop" aan die VU aangebied.

**Lees meer** »




**21 Oktober - 1 November 2024**

***Oorgeneem uit*** *cbd.int/conferences/2024*

Die Verenigde Nasies (VN) se Biodiversiteitskonferensie (COP16) word van 21 Oktober tot 1 November 2024 in Cali, Colombia gehou. Met slegs ses jaar oor om die wêreldwye biodiversiteitsteikens wat in 2022 aangeneem is, te bereik, verteenwoordig COP16 'n kritieke oomblik om finansiering te mobiliseer en aksies vir die natuur op te skaal.

In **Vrye Weekblad** is daar op 22 Oktober gerapporteer dat die mensdom op die punt is om die perke oor te steek wat die aarde kan hanteer weens die verlies aan biodiversiteit. So het kenners in Cali in Colombia gewaarsku waar hulle tans byeen is vir die VN se Cop16-beraad oor dié onderwerp. Tom Oliver, professor in toegepaste ekologie aan die Universiteit van Reading in Brittanje, is onder die kenners wat gewaarsku het dat drastiese verandering nie meer gekeer kan word nie: “I really worry that negative changes could be very rapid."

Lees meer oor die COP16-beraad.

Convention on Biological Diversity

**Lees meer »**

# MEDIATEEK

# *Stil-weg*

## gedagtes oor stilte en vertroue


**Carel Anthonissen (Skrywer)**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / CLF*

*Stil-weg, gedagtes oor stilte en vertroue* is veel meer as 'n gewone "dagstukkie-boek". Dit is 'n keurige samestelling van meditasies oor die belang van stilte en vertroue in ons op weg-wees deur die lewe. Diepsinnig word hier nagedink oor die geheimenis van God, die liefde, geleefde geloof, gemeenskap, gebed, hoop en geregtigheid. Dit gee raad oor retraites, die kuns van stil-word en geestelike begeleiding. Dit vier die ryke skoonheid van musiek, beeldende kuns, poësie en prosa, en veral ook die natuur, want in dit alles sien, hoor, ruik, proe en voel ons die heerlikheid van God. Die bundel bevat pragtige gedigte deur die outeur self, asook skakels na besonderse musiek wat pas by die oordenkingstemas. Elke nuwe afdeling word ingelui met 'n foto van mistieke eenvoud.

Carel Anthonissen is "n deurleefde teoloog, 'n kundige skrywer, 'n deernisvolle waarnemer wat hom lewenslank gewy het aan die noue band tussen 'n kontemplatiewe spiritualiteit en 'n aktiewe betrok-kenheid by die heling van gebroke mense en -verhoudinge in 'n stukkende wêreld. Die boek word aanbeveel vir almal wat hul lewensreis stil-weg, al vertrouend, wil bewandel.

**Luister hier** na die onderhoud op Radio Helderberg.







CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS** »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## OKTOBER

**25** Ds Jannie du Plessis
BRANDFORT

**26** Ds Thania Botha
GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

**28** Ds Riekie Wilken
DEALESVILLE

**29** Mev Lisma Liebenberg
SINODALE KANTOOR

**31** Ds Gerhard Wessels
KROONSTAD-SUID

## NOVEMBER

**02** Ds Christo Louw
AANDBLOEM

**02** Dr Roelof Piennaar
SASOLBURG VIER ANKERS

**08** Ds Marthiens Heymans
BLOEMVALLEI

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**


1824 2024
200
PROGRAM
Kerkwees 200:
Verlede, hede en toekoms
5-6 NOVEMBER 2024
NHKA Gemeente Pretoria-Oos
Die Departement Sistematiese
en Historiese Teologie van die
Universiteit van Pretoria

# Dinsdag 5 November 2024

| | |
|---|---|
| 08:30 | **Registrasie** |
| 09:00 | Verwelkoming en opening |
| 09:30 | **Prof H van Coller**<br>Die Kerk, die Staat en die Hof – wie reguleer wat? 'n Kort oorsig van onlangse hofuitsprake. |
| 10:00 | **Dr D Kuyler**<br>Ekklesiologiese aantrekkinge by die Sinode van 1824 van die NG Kerk. |
| 10:30 | **Tee** |
| 11:00 | **Prof L Koffeman**<br>*Has Synod become obsolete? Twenty years of discussion in the Protestant Church in the Netherlands.* |
| 12:00 | **Dr G Claasen**<br>Die belangrikheid van gebeure by Cottesloe (1961) en Trondheim (2017) as belangrike historiese merkers op die NG Kerk se reis na 'n ekumeniese tuiskoms. |
| 12:30 | **Ete** |
| 13:30 | **Prof J van der Merwe**<br>Die gevolge van die Loedolff-saak van 1862: Moontlike rigtingwysers vir 'n nuwe kerkverband 200 jaar. |
| 14:00 | **Ds PC Pretorius**<br>Gereformeerde Ekklesiologiese Kerkverband in die NG Kerk: verlede, hede en toekoms. |
| 14:30 | **Dr P Kruger**<br>1824, hoop verwesenlik. Waarvoor hoop ons in 2024? |
| 15:00 | **Koffie** |
| 15:30 | **Dr G Duursema**<br>Die Algemene Reglement van 1824: verlede, 1824 en toekoms. |

| | |
|---|---|
| 16:00 | **Ds J Lubbe**<br>Verbonde en vry. Die Algemene Kerkvergadering van 1824 in kerkhistoriese perspektiewe. Twee eeue later. |
| 16:30 | **Prof WA Dreyer**<br>Die oorsprong en gebruik van die term 'Nederduitsch' in die opskrif van die 1824 *algemeen reglement*. |
| 17:00 | **Prof D Veldsman**<br>Die evangelie is aan die Kerk toevertrou maar kan die Kerk daarmee vertrou word? |
| 18:00 | **Ete** |

## Woensdag 6 November 2024

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Dr W van Wyk**<br>Die rol van taal en kultuur in kerkverband. |
| 09:30 | **Dr D de Bruin**<br>(Parogiale) Kerkverband se verlede, hede en toekoms: Praktiese (Teologiese) oorwegings vir die NG Kerk in Suid-Afrika. |
| 10:00 | **Dr A Janse van Rensburg**<br>Die belangrikheid van die sinode van Emden. |
| 10:30 | **Tee** |
| 11:00 | **Dr C Pretorius**<br>Kerkwees 200: Die agtergrond van selfstandige teologiese opleiding. |
| 11:30 | **Mnr L Schoeman**<br>Kerklike Kommunikasie: verlede, hede en toekoms. |
| 12:00 | **Mnr J Heymans**<br>Kerkwees 200: Jeug ekumene – hede en toekoms. |
| 12:30 | **Middagete** |
| 13:00 | **Prof WA Dreyer**<br>Stigting van Werkgemeenskap vir Gereformeerde Historiese Teologie. |
| 14:00 | **Prof J van der Merwe**<br>Afsluiting |

# OCTOBER
## Breast Cancer
## AWARENESS MONTH




**Free hard copy pamhlets - https://shop.clf.co.za/product-category/pamphlets/**
**Email: order@clf.co.za**

**Download e-Pamphlets here - https://clf.co.za/equip-communities/healing-communities/**

CLF

---

*Uitnodiging na die*

# *Legitimasie*

*op 7 November 2024*

*Beste Eregas*

*Namens die Kuratorium van die NG Kerk, word jy hartlik uitgenooi na die legitimasieplegtigheid van 2024. Tydens hierdie geleentheid word 8 Proponente, 7 Diensleraars en 1 Bedienaar bevestig.*

*Hierdie geleentheid vind plaas op 7 November 2024 om 19:00 te Universiteitsoord Gemeente. Stel ons asseblief teen 1 November in kennis of jy sal kan bywoon en hoe groot jou geselskap gaan wees. Stuur asb. jou bevestiging na ngkerk@up.ac.za.*

---

Christian Student Camp 2025

# KOUGOM

DISCOVER
THE CHOSEN

**30 JAN - 2 FEB 2025**

**MOOIGENOEG CAMPSITE**
**BLOEMFONTEIN**


**DISCOVER MORE ONLINE**
**KOUGOM 2025**

**OPEN TO ALL**
**UNDERGRADUATE & FIRST-YEAR STUDENTS**

**CHOSEN FOR**
DISCIPLESHIP | LEADERSHIP | COMMUNITY

PRESENTED BY
**KOPANONG STUDENT MINISTRY**
IN ASSOCIATION WITH **NG KERK VRYSTAAT**

kopanong FAITH | FELLOWSHIP | SERVICE
NG Kerk Vrystaat


SPECIAL OFFER
Now only
R495
10% discount
WORD & worship
Preaching Resources and Liturgical Material
Based on the readings from the Revised Common Lectionary – Year C Advent 2024 to Pentecost XXIV 2025
Klik hier »


100 JAAR Uit die
eek
2025
Barend Vos
WAS R2
NOU SLEG
R22
Geldig tot 31 Oktober 2024
Netto prys.
By alle CLF Boekwinkels of koop dit aa
https://shop.clf.co.za/
Klik hier »


NEKORT
DIE RAK BY
CL
DIE VERLO SKAP
NOVEMBER
Klik hier »


DIE MOOISTE DAGBOEK
Engo
R250
A5 SAGTEBAND DAGBOEK VOLKLEUR KUNS BINNE
A4 SAGTEBAND DAGBOEK VOLKLEUR
BESTEL JOU OLIVA DAGBOEK
TEL: 060 548 5543 | EPOS: INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier »


PROJEK VAN HOOP 2024
STAAN 'N KANS OM
TE WEN
KRY JOU KAARTJIE VANDAG!
RENAULT KWID LIFE
ter waa van R19
KWID
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
Klik hier »


Aan alle besigh in die Vrystaa
Sluit aan by Omgi op 25 Oktober 2
www.engo.co.za | 060 5
KOM GENIET 'N DAG VAN PRET EN LAG
ghede kan 'n pakket van R1 000 aankoop on
eem, terwyl individue R20 per plakker kan b
Courant
OFM
Klik hier »


IN DIE AANLOOP NA DIE KERSTYD DINK ONS AAN DIE ONGEVEER 500 BEHOEFTIGE KINDERS WAT AFHANKLIK IS VAN KRUIDENIERSPAKKIES VIR DIE VAKANSIE OM GENOEG VOEDSEL TE VERSEKER AANGESIEN HULLE NIE BY DIE SKOLE ETES KAN GENIET GEDURENDE DIE VAKANSIE NIE
Projek Volmagie
Ons benodig skenkings van nie-bederfbare voedsel (lys is beskikbaar) asook kontantdonasies daarvoor.
Sperdatum: 10 November 2024
TRANSORANJE INSTITUUT
ABSA TJEKREKENING 020 840 145 TAKKODE 632005
Verwysing: Naam & Volmagie of CFP
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria
Tel: 076 143 6961 E-pos: info@toibo.org.za
Klik hier »


Jeugfokus
bybeldagboekreeks vir jongmense v
BYBELDAGBOEK VIR GRAAD 8
JA! VIR JESUS
BYBELDAGBOEK VIR GRAAD 9
DANKIE DANKIE, JESUS!
BYBELDAGBOEK VIR GRAAD 10
HIER IS E HER
www.bybelmedia.org.za
Klik hier »



Leiersgids
Geloof-speelboek
BM
Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## NEURO-DIVERSITEIT WEBINAAR 2

31 Oktober

Leer & groei saam

Zoom-aanbieding
Dr Henriëtte Saunders

Lees meer +
**Registreer** +




## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit 25 Oktober
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +





## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## KURSUS: ANGS AS DIE NUWE 'DEPRESSIE'

12 November

5 VBO-punte

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +



## KURSUSSE WAT VIR JOU 'N NUWE DEUR OPEN

Jaarkursusse

55 VBO-punte

Via afstandonderrig
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +



## ALFA PASTORALE OPLEIDING

2025

120 VBO-punte

Slegs 30 studente word per jaar gekeur

Lees meer +


**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE

Loer hier na ander sinodalestreke se nuus


Bybel-Media




**Publikasie**

*Embodying theology*


*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




**Publikasie**

*Boytjie*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




**Publikasie**

*'n Ewige kroon*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

KOLLIG

**'Ek was een wat hulle ook geoordeel het …' – maatskaplike werker vertel oor werk met haweloses**

*Kerkbode / 19 Oktober 2024 / Luister*

**'Genadige voorreg' – Twee NG vroue-leraars verkies op SARK-leierskap**

*Kerkbode / 18 Oktober 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Jaco Strydom gesels met Ben en Elise Klut, op berge en in stede …**

*Kerkbode / 17 Oktober 2024 / Artikels*
*Jaco Strydom*

**Só word 200 jaar van kerkwees herdenk: Feesdienste, boeke en konferensies**

*Kerkbode / 15 Oktober 2024 / Nuus*

**Vrystaat Sinode: Nabetragting van 'n afgevaardigde: 'Kompromie skep ruimte terwyl ons verder leer,' sê leraar oor Vrystaat se versoek rondom verbintenisse by afgelope sinodesitting**

*Kerkbode / 14 Oktober 2024 / @sinode, Gewild*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

NUUT

kerkbode
**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**EMERITAAT** | **Ds Willem Burger** van NG Gemeente Sasolburg-Fakkel emeriteer op 31 Oktober 2024. Die kerkraad het op 'n kerkraadsvergadering van 27 Augustus 2024 die besluit geneem om hom vanaf 1 November 2024 in 'n kontrakpos aan te stel wat oor drie (3) jaar strek.

**BEVESTIGING** | **Ds Christo Nel** van NG Gemeente Riebeeckstad het die beroep aanvaar na NG Gemeente Wesselsbron. Sy bevestiging as leraar, deur ds René Wessels, is op Saterdagmiddag 23 November en sy intreepreek is Sondag 24 November.

'N LAASTE GEDAGTE

# Tyd

**Deur ds Stephan Swart,**
*leraar van NG Gemeente Bethlehem-Efrata*



**Foto:** *Ds Stephan Swart (verskaf)*

13 **"Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God."**

Prediker 3:13 AFR83

Ons trek al in Oktober van 2024 en ek kan dit amper nie glo nie. Die jaar is so te sê op sy rug. Die meeste van die kerk se aksies is al verby en ons beplan Kerssangdienste en kalenders vir 2025! Die jaar het gevlieg en dit maak my bewus van tyd wat nie stilstaan nie.

*"Heer waar dan heen?*
*Tot u alleen;*
*u sal ons nooit begewe.*
*U eie Seun, ons borg en steun,*
*is ook ons weg tot lewe."*

Hierdie is my eerste jaar van bediening as 'n predikant en wanneer ek so reflekteer oor die tyd wat verby is, dink ek baie aan Prediker 3, 'n teks wat juis praat oor tyd. Die skrywer noem dat daar tye is vir goeie en slegte dinge. Ek is seker wanneer ons elkeen dink oor die jaar, kan ons 'n klomp slegte en goeie dinge opnoem. Wat maak ons met al hierdie dinge?

Terwyl die skrywer van Prediker oor tyd dink, is een van sy insigte sigbaar in vers 12. Hy sê: *"Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet."* Wat maak ons met ons tyd? In die bediening is daar 'n klomp dinge wat op een slag gebeur. In een dag staan jy saam met familie langs 'n geliefde se sterfbed en die volgende oomblik is jy in die hospitaal saam met jong ouers wat die lewe vier van hul nuutgebore kindjie. Slegte en goeie tye. Die teks laat my besef dat ek die goeie oomblikke moet geniet en daaraan moet vashou. Selfs in die slegte tye kan ons wel iets goeds raaksien.

Ons kan onsself 'n ander vraag ook afvra: *Wat maak tyd aan ons?* Soos wat tyd aanbeweeg, gebeur daar 'n klomp dinge. Dinge wat ons beïnvloed. Tyd het 'n manier om ons te verander. Soos wat tyd aanstap, kan dit veroorsaak dat ons meer negatief raak of dit kan ons meer positief maak.

**Lees meer »**




# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING